
AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

HERSIENINGSBOEK 2025 KWARTAAL 1



Graad 11

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die eers kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSSeksamen te behaal.

INHOUDSOPGAWE

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK.....	2
DIE OPSOMMING.....	2
TYE VAN DIE WERKWOORD.....	5
DIE DIALOOG.....	7
MEMORANDUMS	11

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK

- Jy kan hierdie hersieningsboek gebruik om vir die formele skryftake en vir Vraestel 3 in die eksamen voor te berei.
- Die inligting in hierdie hersieningsboek sluit aan by die lesse van Kwartaal 1 van 2021.
- Doen AL die oefeninge in die hersieningsboek. Gebruik 'n tweetalige woordeboek om jou met die spelling van vreemde woorde te help.
- Vergelyk jou antwoorde van die oefeninge en opdragte met 'n maat s'n. Sodoende sal julle by mekaar kan leer.
- Onthou ook dat jou antwoorde nie presies soos dié in die memorandum hoef te wees nie, solank dit nog steeds dieselfde betekenis oordra.
- Die teken  dui aan dat dit wat in die blokkie staan iets belangriks is wat jy moet leer.
- Die teken  dui aan dat jy 'n oefening in jou werkboek moet doen.

DIE OPSOMMING

- Om iets op te som, beteken om dit in **minder woorde** oor te skryf, maar dit moet nog steeds **dieselfde beteken**.
- Hierdie vaardigheid (*skill*) word in Afdeling B van Vraestel 1 getoets.
- Jy moet 'n teks deurlees en dit korter maak.
- Die teks wat jy oorskryf, moet **slegs** die hoofgedagtes (*main ideas*) bevat.
- Jy moet die opdrag verstaan.
- Maak seker wat gevra word: hoofgedagtes (*main ideas*), wenke (*tips*), voordele (*advantages*) of nadele (*cons*) ?

Stappe:

- Lees die opdrag goed deur.
- Wanneer ons WENKE skryf, kan jy begin met:

Jy moet ...	'n Mens moet ...	Moenie ...
-------------	------------------	------------

- Lees die titel en kyk of daar enige prentjies is. (Die prentjies help jou om die teks te verstaan.)
- Daar sal sewe duidelike paragrawe of dele wees.
- Lees nou elke paragraaf stadig deur en onderstreep die woorde/sin volgens die opdrag.
- Elke paragraaf het sy eie hoofgedagte.
- Moenie onnodige detail gee nie.
- Hou jou sinne kort.
- Moenie twee hoofgedagtes in een sin skryf nie.
- As jy genoeg tyd het, kan jy nou jou sewe feite rofweg neerskryf.
- Tel die woorde. Jy behoort 60 woorde te hê. As dit meer as 60 is, kan jy jou eie sinne verkort.
- Skryf jou eindproduk netjies oor.
- Sorg dat jy SEWE hoofgedagtes het.
- Moenie vergeet om die getal woorde onderaan neer te skryf nie.



Opdrag 1: WAAROM IS WATER GOED VIR JOU?

- Lees die onderstaande teks en som in SEWE VOLSINNE op waarom water vir jou goed is.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

WAAROM IS WATER GOED VIR JOU?

As jy sweet terwyl jy oefen hou dit jou liggaam koel. Jy moet water drink sodat jou liggaam nie dehidreer nie. Wanneer jou liggaam dehidreer, kan dit baie gevaarlik vir jou gesondheid wees.

Jy moet genoeg water inneem wanneer jy oefen want dit gee jou meer krag. Moenie te veel water op een slag probeer drink nie. Neem liever minder op 'n keer in.

Wanneer jy water drink voor, terwyl en na jy eet, sal dit help om jou kos makliker te verteer. As jy water na ete gedrink het moet jy vir 45 minute nie weer eet of water drink nie. Swak spysvertering kan tot baie probleme lei.

Water help die liggaam om vitamiene en minerale in kos op te los. Dit maak dit dan maklik vir die liggaam om dit op te neem.

Studies het bewys dat mense makliker gewig verloor wanneer hulle baie water drink. Om net vaste kos in te neem sal jou laat gewig optel.

Wanneer jy water drink kan dit jou metabolisme en die energie in jou liggaam verhoog. Meer vet word dus in die liggaam verbrand.

Almal van ons sukkel soms om te fokus en te onthou. Wanneer jy genoeg water drink kan dit help om jou brein se funksie te verhoog.

[<https://www.everydayhealth.com>]

Opdrag 2: Voordele van die gebruik van suurlemoensap.

- Lees die onderstaande teks aandagtig deur en som die VOORDELE VAN DIE GEBRUIK VAN SUURLEMOENSAP in SEWE VOLSINNE op.
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Voordele van die gebruik van suurlemoensap

1. Die sap van die suurlemoen is trots maar suur. Dit het vele gebruike. Die suurlemoensap is die belangrikste bestanddeel van limonade!
2. Bedek 'n oopgevlakte snoek met suurlemoensap voordat jy dit op 'n oop vuur braai. Suurlemoensap maak rou en gaar vis smaakliker.
3. Gooi suurlemoensap by jou Coca-Cola. 'n Paar druppels suurlemoensap gee dit 'n ander karakter. Die suurlemoensap laat jou drankie lekkerder smaak.
4. Meng 'n paar druppels suurlemoensap en 'n bietjie gemmer in 'n glas warm water. Drink dit voor ontbyt. Dit sal jou bloedsuikervlak normaliseer. Drink dit ook nadat jy soetgoed geëet het.
5. As jou vel baie droog is, kan jy 'n paar druppels suurlemoensap by 'n teelepel amandelolie voeg. Smeer die mengsel aan jou vel. Die suurlemoensap maak jou vel vogtiger.
6. Voel jy soms dat jou hare nie skoon genoeg lyk nadat jy dit gewas het nie? Sit 'n teelepel suurlemoensap by die water wanneer jy jou hare afspoel. Dit maak jou hare skitterblink.
7. Koperpote word soms dof en swart. Suurlemoensap kan wonderwerke verrig. As jy 'n bietjie suurlemoensap aan die koperpote vryf sal dit pragtig blink.

[Verwerk uit: **Beeld**, 2018]

TYE VAN DIE WERKWOORD

- 'n Werkwoord (*the verb*) is die woord wat aandui wat 'n persoon/ persone **doen**, byvoorbeeld **sing, speel, loop**, ens. Dit is die "doen-woord."
- Hierdie dinge wat 'n persoon doen kan op verskillende tye plaasvind:
 - o Teenwoordige tyd (*present tense*)
 - o Verlede tyd (*past tense*)
 - o Toekomende tyd (*future tense*)

Teenwoordige tyd

Die aksie vind **nou** plaas:

- Die hond **spring** (jumps) oor die muur.
- Die kind **speel** (plays) buite.
- Die leerder **skryf** (writes) in die boek.

- Die onderwyser **praat** (speaks) hard.

In hierdie sinne is die werkwoorde in die teenwoordige tyd.



Gebruik die onderstaande werkwoorde in jou eie sinne in die teenwoordige tyd:

- skop - eet
- loop
- sing

Verlede tyd

Wanneer iets in die verlede tyd geskryf is, **het dit alreeds plaasgevind**. In Afrikaans gebruik ons die woord "**het**" om die verlede tyd aan te dui. Die woord "het" word 'n **hulpwerkwoord** genoem. Dit "help" die werkwoord om verlede tyd aan te dui.

Onthou: die werkwoord skuif na die einde van die sin en kry 'n **ge-** by:

- Die hond **het** oor die muur **gespring**.
- Die kind **het** op die buite **gespeel**.
- Die leerder **het** in die boek **geskryf**.
- Die onderwyser **het** hard **gepraat**.

Kyk mooi na die sinstruktuur. Die "**het**" word ná die selfstandige naamwoord (**hond, kind, leerder, onderwyser**) geplaas. Die werkwoord beweeg na die einde van die sin. Al die ander woorde bly in dieselfde posisie. **Onthou ook:**

IS verander na WAS in die verlede tyd:

- Die man **is** siek – Die man **was** siek.
- Sipho **is** op skool – Sipho **was** op skool.

Toekomende tyd

Die toekomende tyd beteken dat iets **nog gaan gebeur**. Onthou die werkwoord bly dieselfde in die toekomende tyd. Jy moet die hulpwerkwoord SAL of GAAN byvoeg.

Kom ons kyk weer na ons voorbeelde:

Gebruik SAL ...

- Die hond **sal** oor die muur **spring**.
- Die kind **sal** buite **speel**.
- Die leerder **sal** in sy boek **skryf**.
- Die onderwyser **sal** hard **praat**.

OF

Gebruik GAAN ...

- Die hond **gaan** oor die muur **spring**.
- Die kind **gaan** buite **speel**.

- Die leerder **gaan** in sy boek **skryf**. - Die onderwyser **gaan** hard **praat**.



Oefening: TYE VAN DIE WERKWOORD

1. Skryf die onderstaande sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

- 1.1. Die man het wakker geword.
- 1.2. Jean se tent staan binne enkele minute en hy rol sy slaapsak uit.
- 1.3. Die leeu kyk na die bobbejaan.
- 1.4. Wortels bevat baie vitamine C.
- 1.5. Jannie praat met sy onderwyser.

2. Skryf die onderstaande sinne oor in die VERLEDE TYD:

- 2.1. Ek dink die koffie is heerlik.
- 2.2. Hägar sit op die stoel en eet sy kos.
- 2.3. Hulle soek altyd sy aandag.
- 2.4. Die duif is slim.
- 2.5. Party plante verloor hul blare.

3. Skryf die onderstaande sinne oor in die TEENWOORDIGE TYD:

- 3.1. Tuna het ook die goedkeuring van die HBS van Suid-Afrika gekry.
- 3.2. Die man het 'n duif gehad.
- 3.3. Die seun het na die ongeluk gekyk.
- 3.4. Baie kinders sal groente eet.
- 3.5. Ek kon nie skool toe kom nie.

DIE DIALOOG

Die dialoog is 'n gesprek (*conversation*) tussen TWEE mense.

Formaat

Die dialoog word op 'n sekere manier geskryf.

- Die TWEE mense (sprekers) se name staan aan die linkerkant van die bladsy.
- Die **name** word **ondermekaar** geskryf.
- Daar is 'n **dubbelpunt** na elke naam.
- **Ekstra inligting** word **tussen hakies** geskryf. Soms word 'n **emosie** of **handeling** aangedui.
- **Geen aanhalingstekens** word gebruik nie. (*No inverted commas*).
- Laat 'n **reël** na elke spreekbeurt **oop**.

**Styl:**

jy

Dubbelpunt= semicolon (:)
 Aanhalingstekens- inverted commas (" ")
 Emosies – feelings/ emotions
 Handeling - actions

Styl, register en toon

Dis die persoonlike manier waarop jouself uitdruk.

Register: Die **woordeskat** moet **by die situasie** pas. Jy sal **formeel** en met respek praat as jy met grootmense praat. (Dink aan 'n gesprek met jou ma, pa, ouma, oupa, **onderwyser**, prinsipaal, die dokter en die winkeleienaar.) As jy met 'n **vriend**, broer of suster praat, sal jy meer **informeel** praat. Jy moet dus altyd in gedagte hou **vir wie jy skryf** of **wie** in die dialoog **gesels**, om te bepaal watter register (woordeskat) jy moet gebruik.

Toon: Die toon sluit by register aan, maar die klem val op jou houding of hoe jy voel. In 'n dialoog verwys toon na elke spreker se houding of hoe hy/sy voel.

Voorbeeld

Die onderwyser sien dat daar 'n nuwe leerder in die Afrikaansklas is. Die onderwyser ontmoet die leerder en laat hom welkom voel.

- MNR. VANTYI: Goeiemôre, is jy die nuwe leerder?
- SIVIWE: *(staan op)* Goeiemôre, Meneer. Ja, ek is.
- MNR. VANTYI: *(vriendelik)* Baie welkom in ons klas. Hoe gaan dit met jou?
- SIVIWE: Dankie, Meneer. Dit gaan goed en met u?
- MNR. VANTYI: Dit gaan ook goed met my. Ek is Meneer Vantyi, die Afrikaansonderwyser. Wat is jou naam?
- SIVIWE: My naam is Siviwe Mabece.
- MNR. VANTYI: Waar woon jy?
- SIVIWE: Ek woon in Bellville.

Die **situasie** en die **onderwerp** van hulle gesprek; **waaroor** hulle gesels.

Die **name** word aan die **linkerkant** geskryf.

Die woorde tussen hakies wys op dit wat die persoon **doen** of **voel**.

"u" is 'n formele aanspreekvorm in Afrikaans. "u" word met 'n **kleinletter** geskryf as dit binne-in die sin staan. Afrikaansonderwyser – Afrikaans teacher

Waar woon jy? -Where do you live? - Uhlala phi?

Have you made any friends?

I want to focus on my schoolwork.

SIVIWE: Nog nie Meneer. Ek sal nog. Ek wil eers op my skoolwerk fokus.

You are a good learner. I hope that you will be happy in our school.

MNR. VANTYI: Dis goed, Siviwe. Jy lyk na 'n goeie leerder. Ek hoop jy sal baie gelukkig wees hier by ons skool.

SIVIWE: Baie dankie, meneer Vantyi.



Opdrag 1

Jy het vergeet dat jy na skool 'n ekstra klas het. Jou selfoon se battery was pap en daarom kon jy nie jou ma laat weet nie. Toe jy baie laat by die huis kom, was jou ma baie kwaad vir jou. Skryf die gesprek tussen jou en jou ma neer.

Begin die gesprek só:

Ma: Waar kom jy nou vandaan?

Ek: Hallo, Ma. Ek is jammer ek is so laat.

Ma: ...

Ek: ...

Let wel:

- Laat 'n reël ná elke spreekbeurt oop.
- Jy praat met **jou ma**, daarom moet die register (woordeskat) **formeel** wees.
- As jy **met jou ma** praat, skryf jy die woord **Ma** met 'n **hoofletter**. (*Asseblief, Ma?*)
- As jy **van/oor jou ma** praat, skryf jy die woord **ma** met 'n **kleinletter**. (*My ma kook heerlike kos.*)

Opdrag 2:

Themba en Lulu is twee vriende, 'n seun en 'n meisie, wat oor skooldrag gesels. Themba dink nie dat leerders skooldrag moet dra nie, maar Lulu dink leerders móét skooldrag dra. Skryf die gesprek tussen Themba en Lulu neer.

Begin die gesprek só:

Themba: Ek dink nie dat leerders skooldrag moet dra nie!
(*Reël oop*)

Lulu: Wel, ek dink leerders móét skooldrag dra. (Reël oop)

Themba: ...
(Reël oop)

Lulu: ...

Let wel:

- Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.
- Die gesprek vind tussen **twee vriende** plaas, daarom moet register (woordeskat) **informeel** wees.
- Gebruik leestekens (soos uitroepstekens) om emosie aan te dui of om sekere dinge te beklemtoon.

Voltooi die kontrolelys hier onder nadat jy die Dialoog geskryf het:

	JA	NEE
Ek het 'n sin bo-aan geskryf om die situasie te verduidelik.		
Die sprekers se name is ondermekaar?		
Daar is 'n dubbelpunt na elke spreker se naam?		
Ek het na elke spreekbeurt 'n reël oopgelaat ?		
Ek het een handeling en een emosie tussen hakies geplaas?		
Ek het geen aanhalingstekens gebruik nie.		
In die gesprek tussen Themba en Lulu het ek een uitroepteken gebruik om emosie aan te dui.		
Ek het nie SMS-taal gebruik nie.		
Ek het ongeveer 80 – 100 woorde gebruik.		
My teks lyk soos 'n dialoog.		
Ek het netjies gewerk.		

MEMORANDUMS

OPSOMMING

Opdrag 1: Waarom water belangrik is

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
Jy moet genoeg water drink sodat jou liggaam nie dehidreer nie.	1.	Genoeg water sal keer dat jou liggaam dehidreer.
Jy moet genoeg water inneem wanneer jy oefen, want dit gee jou meer krag.	2.	As jy genoeg water drink as jy oefen gee dit jou meer krag.
Wanneer jy water drink voor, terwyl en na jy eet, sal dit help om jou kos makliker te verteer.	3.	Genoeg water help dat jou kos makliker verteer word.
Water help die liggaam om vitamieene en minerale in kos op te los.	4.	Water help dat jou liggaam makliker vitamieene en minerale opneem.
Studies het bewys dat mense makliker gewig verloor wanneer hulle baie water drink.	5.	Water help dat jy gewig verloor.
Wanneer jy water drink kan dit jou metabolisme en die energie in jou liggaam verhoog.	6.	Water verhoog jou metabolisme en energie.
Wanneer jy genoeg water drink, kan dit jou brein se funksie verhoog.	7.	Water help jou brein om beter te werk.
		Getal woorde: 60

Opdrag 2: VOORDELE VAN DIE GEBRUIK VAN SUURLEMOENSAP

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
Die suurlemoensap is die belangrikste bestanddeel van limonade!	1.	Limonade word met suurlemoensap gemaak.
Suurlemoensap maak rou en gaar vis smaakliker.	2.	Gebruik suurlemoensap om vis lekkerder te laat smaak.
Die suurlemoensap laat jou drankie lekkerder smaak.	3.	Om jou Coca-Cola lekkerder te laat smaak moet jy suurlemoensap ingooi.
Dit sal jou bloedsuikervlak normaliseer.	4.	Jou bloedsuikervlak kan normaal wees as jy suurlemoensap drink.

As jou vel droog, is moet jy suurlemoensap aansmeer vir 'n vogtige vel.	5.	Suurlemoensap maak jou vel vogtiger
Dit maak jou hare skitterblink.	6.	Was jou hare in suurlemoensap om dit te laat blink.
As jy 'n bietjie suurlemoensap aan die koperpote vryf, sal dit pragtig blink.	7.	Suurlemoensap laat jou koperpote blink as jy dit aansmeer en vryf.
		Getal woorde: 59

TYE VAN DIE WERKWOORD

1. TOEKOMENDE TYD.

- 1.1. Die man sal wakker word
- 1.2. Jean se tent sal binne enkele minute staan en hy sal sy slaapsak uitrol.
- 1.3. Die leeu sal na die bobbejaan kyk.
- 1.4. Wortels sal baie vitamien C bevat.
- 1.5. Jannie sal/ gaan met sy onderwyser praat.

2. VERLEDE TYD:

- 2.1. Ek het gedink die koffie is heerlik.
- 2.2. Hägar het op die stoel gesit en sy kos geëet.
- 2.3. Hulle het altyd sy aandag gesoek.
- 2.4. Die duif was slim.
- 2.5. Party plante het hul blare verloor.

(Let op: Wanneer 'n werkwoord met **be-** en **ver-** begin, skryf ons **nie ge-** vooraan in die verlede tyd nie. Daarom is **Die plante het hul blare geverloor** verkeerd.)

3. TEENWOORDIGE TYD:

- 3.1. Tuna kry ook die goedkeuring van die HBS van Suid-Afrika.
- 3.2. Die man het 'n duif.
- 3.3. Die seun kyk na die ongeluk.
- 3.4. Baie kinders eet groente.
- 3.5. Ek kan nie skool toe kom nie.

Sterkte en geniet elke leeroomblik!